Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 14 Feb 2018
Page: 8

AVE: 5304.10
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

**Op 'n drafstap**

deur André Gobey

# Tuks sluit marathon in as deel van eeufeesvieringe

Die Bestmed Tuks-padwedloop vind Saterdag by die Universiteit van Pretoria se sportkampus in Hatfield plaas.

Die wedloop vorm deel van Tuks se eeufeesvieringe en het in 2017 reeds meer as 3 000 deelnemers in die 10 km-wedloop en 2 500 deelnemers in die halfmarathon gelok.

Hierdie sukses het die organiseerders laat besluit om vanjaar ook 'n marathon aan te bied om atlete 'n addisionele geleentheid te gee om vir die Comrades- en Twee Oseane-ultramarathon te kwalifiseer.

Die wedloop sal beslis die aandag van die beste atlete trek aangesien die mans- en vrouewenners albei gaan spog met prysgeld van R3 500.

Die roete neem atlete deur 'n groot gedeelte van die Tuks-sportkampus en is skilderagtig mooi, maar baie uitdagend met heelwat op- en afdraandes deur Lynnwood, Strubenkop en die WNNR.

Atlete wat aan die marathon deelneem moet die halfmarathon roete twee keer voltooi. Die wegspringtyd vir die marathon is om 05:30 en die halfmarathon begin 'n halfuur later.

Die 10 km-wedloop sal om 06:30 begin.

Vanjaar bied die organiseerders ook 'n spesiale rolstoelwedren oor 10 km aan. Daar sal aparte prysgeld daarvoor wees.

Vir meer inligting bel Jet Moses by 072 259 4282.

■ Stuur hardloop- en stapnuus na gobey@telkomsa.net.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.